Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Parashah 16: ***B'shalach*** (בשלח) (Om te laat gaan)

Dit het gebeur dat toe Farao die volk laat gaan het, God hulle nie deur die land van die P'lishtim gelei het nie, alhoewel dit nader was, want God het gesê: "Sodat die volk, as hulle oorlog sien, nie dalk hulle gedagtes verander en teruggaan na Egipte toe nie." Ex. 13:17 – PWL Vertaling[1]

Torah: Exodus 13:17 tot 17:16.

- **Ex. 12:37 en 38 –** Die Groot Trek
- **Ex. 13:17 –** Die Wildernis en die Beloofde Land
- **Ex. 16:33 –** Yeshua, die Brood van die Lewe
- **Ex. 14:22 –** Gedoop in die Rooisee

Haftorah: Rigters 4:4 tot 5:31 – Deborah, die heuning en angel van YHVH

B'rit Chadashah: Rom. 9:15 tot 23; Hand. 7:36; 1 Kor. 10:1 tot 13; Heb. 11:29; Open. 15:1 tot 4; Joh. 6:25 tot 58; Open. 2:17

My desire is that if I must suffer, let me not suffer for my own foolishness, but let it be that I suffer for the sake of righteousness.

We have a tendency to think of God being glorified only in the manifestation of His mercy — He is just as glorified by His justice – R.C. Sproul

[1] PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch

Our God is a consuming fire. He consumes pride, lust, materialism, and other sin – Leonard Ravenhill

Midrash (Torah Bespreking)
Ex. 12:37 en 38 – Die Groot Trek

Na die tiende plaag van die dood van die eersgeborenes, en na die slag van die pesaglam in gehoorsaamheid, lees ons dat Farao aan Moses en Aäron sê*:"Staan op, gaan weg onder my volk uit, julle sowel as die kinders van Yisra'el en gaan dien* יהוה *soos julle gesê het.*(Ex. 12:31). Hierdie *laat gaan* beteken nie dat Farao die Israeliete goedgunstiglik laat gaan het nie, maar beteken as te ware om Israel uit Egipte weg te jaag. Dit was die oomblik wat Farao erken het dat die God van Israel magtiger is as al die gode van Egipte!

Israel se geloof in die geslagde paaslam en die bloed aan die deurkosyne, het hulle van die tiende plaag gevrywaar. Daar waar die bloed van die pesaglam aan die deurkosyne van die huise aangewend was, het YHVH verby gegaan en nie toeglaat dat die Verderwer in hulle huise ingaan nie (Ex. 12:23). Van die tien plae was die laaste die enigste waar daar van Israel iets vereis was ten einde die plaag vry te spring. Hulle moes volgens voorskrif 'n lam slag, die bloed aan die deurkosyne smeer en die vleis oor die kole braai en dit saam met ongesuurde brood en bitterkruie eet terwyl hulle gereed staan om Egipte te verlaat. Die wat gehoorsaam gehandel het en gereed gestaan het, het die 'groot trek' uit Egipte aangepak!

Die kinders van Yisra'el het van Ra'amses na Sukkot gereis, omtrent ses honderd duisend manne te voet, buiten die kinders. 'n Gemengde menigte van mense het ook saam met hulle opgegaan en troppe kleinvee en beeste; uitermatig baie lewende hawe
Ex. 12:37 en 38 – PWL Vertaling.

Soos die vorige parashah, bevat hierdie een ook 'n baie belangrike gebeurtenis, naamlik die deurtog deur die Rooisee. Hierdie is 'n sinnebeeld van die waterdoop (*mikvah*) en is die tweede stap in YHVH se reddingsplan van sondevergifnis en versoening met Hom. In die vorige parashah het ons geleer dat pesag 'n sinnebeeld van wedergeboorte is, naamlik van geloof en bekering. Daarom vergelyk Paulus ons hedendaagse geloofslewe met die van Israel van ouds.

Ek wil hê dat julle moet weet, my broers, dat ons vaders almal onder die wolk was en almal deur die see gegaan het, almal deur Moshe ingedoop is in die wolk en in die see, almal dieselfde geestelike kos geëet het en almal dieselfde geestelike drank gedrink het, want hulle het gedrink uit 'n geestelike Rots wat saam met hulle was en die Rots was Die Gesalfde Een. 1 Kor. 10:1 tot 4 – PWL Vertaling.

Ja waarlik, die einde word deur die begin bekend gemaak (Jes. 46:9 en 10; Pred. 1:9)!

Geloof of goeie werke?

'n Algemene siening van die Christendom is dat Israel van ouds gered was deur die wet te onderhou, met ander woorde deur verdienste. Hierdie siening is geensins waar, want wat het Israel in sowat 430 jaar gedoen om hul bevryding van die Egiptiese slawejuk te verdien? Die antwoord hierop is 'n besliste niks! Israel het nie verdien om uit Egipte bevry te word nie. Israel se bevryding was YHVH se onverdiende guns en nie hulle goeie werke nie! Al wat van Israel verwag was, was om te glo dat die geslagte paaslam en die bloed aan die deurkosyne hulle bevryding van die Egiptiese slawejuk sou wees.

Redding onder die ou verbond was dus op grond van geloof (vertroue), net soos wat huidig onder die hernieude (nuwe) verbond die geval is. Die bedoeling van Torah-gehoorsaamheid was nie tot redding nie, maar het die seëninge van YHVH tot gevolg gehad. Dit was YHVH se onderrig in geregtigheid!

Nou sal dit wees, as jy יהוה, jou God, ywerig gehoorsaam, deur versigtig te wees om al Sy opdragte, wat ek jou vandag beveel, te doen, sal יהוה, jou God, jou oplig bo al die nasies van die aarde. Al hierdie seëninge sal oor jou kom en jou oorweldig as jy יהוה, jou God, gehoorsaam.
Deut. 28:1 en 2 – PWL Vertaling.

Hierdie geestelik wet van YHVH geld steeds onder die hernieude verbond, naamlik: Geloof (vertroue) tot redding en gehoorsaamheid tot seëninge. Die bewys van ons vertroue is wanneer ons die werke van geregtigheid doen. Ons is nie Torah-gehoorsaam om gered te word nie! Nee, ons strewe na Torah-gehoorsaamheid omrede ons gered is!

Bepeins of Bespreek

1. Die doel van Torah-gehoorsaamheid is nie om YHVH se seëninge te ontvang nie, want dit openbaar ‘n selfsugtige houding! Gehoorsaamheid aan Torah moet eerstens deur liefde vir YHVH Yeshua gemotiveer word! Die moontlike seëninge wat volg is ‘n ‘bonus’ van YHVH se onverdiende guns wat ontvang word. YHVH se seëninge is steeds nie op grond van verdienste nie, maar slegs op grond van YHVH se genade, want geen mens kan die Torah in alle opsigte elke dag onderhou nie! Wat motiveer jou om Torah-gehoorsaam te wees? Liefde of selfsug?

2. Die Christendom (kerk) verkondig ‘n Torahlose Messias wat hulle Jesus noem!! In Ps. 119:165 lees ons: *Die wat u wet liefhet, het groot vrede, en vir hulle is daar geen struikelblok nie.* Is die lering van die Christendom dat ons vry van die wet, naamlik van Torah is, nie ‘n struikelblok in die pad van Israel nie?

3. In die verband skryf Joseph F. Dumond (www.sightedmoon.com) die volgende:

   “So many Christians think they have a job to do by getting people saved or getting people born again or converting the Jews to Jesus, and yet it is all of these Christians that need to be converted to the truth. This may be shocking to some of you, but yet I do not worry one iota about the Jews, they already have the Torah and they know it better than most of you that are called Christian. And the one thing that prevents them from knowing more about the Messiah is all these hypocritical Missionary types who have done away with the law and have not one clue about what the Messiah actually did teach. He taught the torah, the exact same thing the Jews now read and study. The exact same thing most Christians have no clue about and refuse to learn and will not read. This does not mean I agree with everything that Judah teaches, but it does show you, the Christian, just how far from the truth you have strayed”.

   Daar is ‘n Engelse spreuk wat sê: *Charity begins at home*. In die lig hiervan, en van bogenoemde stelling deur Joseph Dumond, is die vraag: *Moet ons nie eerstens teruggaan en ons broers en susters in die kerk (Huis van Efraim) van Torah-gehoorsaamheid leer nie, alvorens ons na die Jode (Huis van Juda) gaan om hulle te ‘leer’ van Yeshua as die gekruisigde en opgestane Messias?* Onthou: Moses moes self eers uit Egipte kom voordat hy kon teruggaan na Egipte om Israel (sy volksgenote) uit Egipte te lei! Is jy uit Egipte en is Egipte uit jou?

Ex. 13:17 – Die Wildernis en die Beloofde Land

Dit het gebeur dat toe Farao die volk laat gaan het, God hulle nie deur die land van die P'lishtim gelei het nie, alhoewel dit nader was, want God het gesê: "Sodat die volk, as hulle oorlog sien, nie dalk hulle gedagtes verander en teruggaan na Egipte toe nie."
Ex. 13:17 (PWL Vertaling)

YHVH het aan Abraham en sy nageslag (Israel) die landstreek Kanaän beloof – 'n land wat oorloop van melk en heuning (Ex. 3:8 en 17)[2]. Die voorwaarde van die belofte om Kanaän as erfenis te ontvang, was dat Israel in alle opsigte aan YHVH gehoorsaam moet wees.

Julle moet die opdragte van יהוה, julle God, Sy getuienisse en Sy reëls wat Hy julle beveel het, ywerig onderhou. Jy moet doen wat reg en goed is in die oë van יהוה, dat dit met jou goed mag gaan en jy kan ingaan en die goeie land kan besit wat יהוה aan jou vaders met 'n eed belooof het, deur al jou vyande voor jou uit te dryf; soos יהוה gesê het.
Deut. 6:17 tot 19 – PWL Vertaling.

Indien Israel YHVH se Torah, naamlik Sy onderrig en instruksies nougeset en ywerig sou navolg, sou hulle die land in besit neem deurdat YHVH Israel se vyande voor hulle uit sou verjaag. Maar tog, Israel moes egter eers 'n woestynervaring ondergaan voordat hulle Kanaän in besit kon neem. Die rede hiervoor vind ons in Ex. 3:17, naamlik dat sou *hulle oorlog sien, nie dalk hulle gedagtes verander en teruggaan na Egipte toe nie.*

Na die jarelange slawerny was Israel nie gereed om deur oorlogvoering die Beloofde Land in besit te neem nie. Hoewel Israel goed bewapend uit Egipte vertrek het (Ex. 13:18), het hulle geen opleiding of ondervinding van oorlogvoering gehad nie.

Onder die hernieude verbond belowe Vader YHVH ook vir ons 'n *beloofde land* – 'n lewe van oorvloed in Yeshua (Joh. 10:10). Hierdie belofte het egter ook voorwaardes, naamlik geloof in Yeshua as die Lam van God en gehoorsaamheid aan YHVH se Torah. Die belofte behels ook dat wanneer ons gehoorsaam is, onderneem YHVH om die vyand, Satan, voor ons uit te dryf (Jak. 4:7). Gehoorsaamheid aan Torah gaan gepaard met heiligmaking en volmaaktheid (Matt. 5:48; 2 Kor. 13:11; 1 Pet. 1:15 en 16).

Nou is die vraag: Beteken dit dat indien ek Yeshua as Messias bely en met blymoedige toegewydheid Torah-gehoorsaamheid nastreef, dat ek nooit probleme en beproewinge gaan ondervind nie? Nee, want elkeen het, net soos Israel, ook 'n wilderniservaring nodig. So dikwels gaan die in besit neem van YHVH se beloftes gepaard met beproewing. Hierdie beproewinge is toetse wat ons moet slaag voordat ons die beloftes in besit kan neem. Ons het wel die versekering dat elke probleem en beproewing in `n oorwinning sal eindig.

[2] The **'honey'** that Israel is blessed with does not refer to bee's honey, but according to Jewish tradition, refers to **date honey** which was a rich delicacy in Biblical times. From hardly growing any food 100 years ago, miraculously, Israel today is an agricultural exporter and in fact, produces over 50% of the world's Medjool dates. For the first time in centuries, it is truly the land flowing with milk and honey!

Die wildernis (probleme en beproewinge) is die plek waar die eie ek sterf en waar geloof (vertroue) gevorm word. Die wilderniservaring maak skeiding tussen die wat in die vlees lewe en die wat deur die krag van die Afgesonderde Gees lewe. Die beproewinge in die wildernis stroop elkeen van die eie-ek van selfsug en gemaksugtigheid en verander elkeen om gelykvormig aan Yeshua te word (Rom. 8:29). Ons ware karakter kom na vore tydens beproewinge en versoekinge en dit is die tyd wat ons onsself leer ken. Die wildernis is die plek waar Vader-God ons toets (Ps. 7:10; Ps. 11:5; Spr. 17:3; 1 Pet. 1:6 en 7; 1 Pet. 4:12 en 13). YHVH ken die uitslag, maar ons moet dit self eerstehands leer.

Die wildernis is nie die plek waar Vader-God my straf nie, maar die plek waar Hy my verander om geskik te wees om die beloofde land, naamlik die beloftes, in besit te neem. Tydens Israel se wilderniservaring het YHVH steeds in hulle behoeftes voorsien. YHVH het by wyse van Moses Israel uit Egipte gelei, maar moes egter eers Egipte uit hulle kry voor hulle die beloofde land in besit kon neem. So dikwels is dieselfde op ons van toepassing. Ons wilderniservaring is ook ‘n proses waar ‘Egipte’ (die wêreld) uit ons verwyder moet word en waar YHVH Hom aan ons wil openbaar as El Shaddai – die God van voorsiening in al ons behoeftes.

In die wildernis het Israel nie al die seëninge en voorregte van die beloofde land gehad nie. YHVH was egter steeds in hulle midde in die Tabernakel teenwoordig. Daagliks het hulle manna uit die hemel ontvang. In die wildernis het YHVH op ‘n bonatuurlike wyse vir hulle gesorg. Tydens ons wilderniservaring is YHVH steeds in ons midde. Hy het ons nie verlaat nie en Hy sal op ‘n wonderbaarlike wyse vir ons sorg.

Vader-God seën ons met die doel om ons meer gelykvormig aan Yeshua te maak. Die doel van seëninge is nie dat ons maar net met ons lewe kan aangaan soos voorheen nie. Nee, YHVH se seëninge moet `n innerlike verandering teweegbring wat uiterlik sigbaar moet word. Dit moet `n tree wees op die pad na volmaaktheid en heiligheid.

Tydens my wilderniservaring moet ek wel myself voortdurend voor YHVH verootmoedig en ondersoek in die lig van Torah, YHVH se skietlood! In hierdie proses moet ek ook die volgende onthou:

- Geregtigheid, volmaaktheid en heiligheid het geen perk nie. Ek kan nie te gehoorsaam, te getrou, te ywerig, te gelowig, te liefdevol of te nederig wees nie. Ek moet wel balans handhaaf en my prioriteite reg hou.

- Gedeeltelike gehoorsaamheid en gemengde lojaliteit is nie totale oorgawe nie. Slegs totale gehoorsaamheid en totale lojaliteit is totale oorgawe en vereis die sterwe van die eie-ek, naamlik van die sterwe van my wil, my belange en my siening. Alleen deur die sterwe van die oue mens kan ek meer gelykvormig aan Yeshua Messias word

  Julle het egter nie so geleer van Die Gesalfde Een nie, as julle inderdaad na Hom geluister het en deur Hom geleer is, aangesien alles wat waarheid is in Yeshua is: dat julle, die vorige optrede van die ou mens, wat deur die begeertes van misleading korrup is, moet afgooi. Julle moet die gees van julle denke voortdurend vernuwe en die nuwe mens aantrek wat in God, in onpartydigheid, opregtheid en in die reinheid van die waarheid geskape is. Efes. 4:20 tot 24 – PWL Vertaling)

- Die bron van my vreugde en geluk moet altyd weens my verhouding met Vader-God wees en nie die vervulling van my eie begeertes nie. Die vervulling van my begeertes moet die resultaat wees van my verhouding met Vader-God en nie die resultaat van my

eie vermoëns nie. Die bron van dit wat ek is, van dit wat ek besit en van dit wat ek verkry het, is YHVH en nie my eie vermoëns nie (Deut. 8:17 en 18).

- Vader-God se prioriteit is my verhouding met Hom. Daarom moet ek eers YHVH se Koninkryk en Sy geregtigheid soek, dan sal al die ander dinge waarvoor ek vra, bygevoeg word (Matt. 6:33).

- In my verhouding met YHVH gaan daar altyd dinge in my lewe wees wat teenstrydig met my vlees sal wees. Die Woord van God gee dikwels aanstoot, want die vlees wil dit nie hoor nie. My vlees moet egter onderdanig wees aan my siel en my siel moet onderdanig wees aan my gees en my gees moet onderdanig wees aan die Afgesonderde Gees. Dit is YHVH se volgorde en wil vir elkeen. Dit is veral as dit die vlees pas, omrede hy daarvan hou, dat die vlees nie wil hoor wat YHVH se Woord sê nie, en dat die vlees homself wil regverdig.

Die vraag is die volgende: Is ek bereid om YHVH selfs in my woestynervarings te volg? Is ek bereid om myself te verootmoedig en YHVH se aangesig te soek met die doel dat Hy my eers verander sodat ek gereed kan wees om die beloofde land in besit te neem?

Vader-God se doel en wil vir ons is om die Beloofde Land in besit te neem. Onthou egter dat dit beter is om in die wildernis saam met YHVH te bly as in die land Kanaän sonder Hom. Indien ons die Beloofde Land in besit wil neem, moet ons seker maak dat YHVH saam met ons gaan.

Bepeins of Bespreek

1. Israel het Egipte as goed gewapend verlaat (Ex. 13:18), maar hulle was nie gereed vir oorlogvoering nie. As ‘n pas wedergeborene is ons ook goed gewapen (Ons het die Woord as wapen), maar nie greed vir oorlogvoering nie, want ons moet nog leer hoe om geestelik te orrleef. Bespreek of bepeins dit in die lig van Paulus se woorde in 2 Tim. 2:15. Wat is ons wapens (Efes. 6:10 tot 20)? Ons moet eers uit ‘Egipte’ kom en leer hoe om in die wildernis van die wêreld te oorleef alvorens ons gereed is vir oorlogvoering. Ons moet ‘opleiding’ ontvang en kundiges wees in die gebruik van ons wapens (die Woord / Torah) (2 Tim. 3:16 en 17).

2. Hoewel die pad van die Filistyne die kortste pad na Kanaän was, het YHVH nie vir Israel op hierdie pad gelei nie (Ex. 13:17). YHVH kies nie kort paaie nie, maar ons kan verseker wees dat die pad wat Hy vir ons kies die beste een is. Dikwels wil ons, teen YHVH se wil, die kort pad kies!!

3. Beproewinge bring verandering wat ons voorberei om die beloftes in besit te neem. Soos die gesegde lui: *No pain, no gain*!

4. Waarom sou Israel wou terugkeer na Egipte? Waarom het Lot se vrou teruggekyk? Het ‘n wilderniservaring nie ‘n geneigdheid om ons te laat dink dat dit beter was in ‘Egipte’ nie?

Ex. 16:33 – Yeshua, die Brood van die Lewe

Moshe sê vir Aharon: “Vat ‘n pot en gooi ‘n ‘omer vol ‘man hu’ daarin en sit dit voor יהוה *neer, om dit vir julle geslagte te bewaar.”* Ex. 16:33 (PWL Vertaling)

Ons voorvaders het in die wildernis die brood (manna) wat uit die hemel aan hulle gegee was, geëet en het gesterwe (Ps. 78:24 en 25; Joh. 6:31 en 49). Yeshua is egter die Brood (Manna) wat ewige lewe gee:

En Yeshua sê vir hulle: Ek is die brood van die lewe; wie na My toe kom, sal nooit honger kry nie; en wie in My glo, sal nooit dors kry nie. Joh 6:35.

Dít is die brood wat uit die hemel neergedaal het – nie soos julle vaders die manna geëet en gesterwe het nie; wie hierdie brood eet, sal tot in ewigheid lewe. Joh. 6:58

Toe Yeshua aan Satan gesê het: *Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord van God* (Luk. 4:4), het Hy verwys na elke woord wat in die Skrifte van die ou verbond opgeteken was. Die fondament van hierdie Skrifte is YHVH se Torah, naamlik Sy onderrig, instruksies en wysheid. Yeshua het dus verklaar dat die mens van elke woord van Torah sal lewe!!

Yeshua is die Torah (brood, manna) van die lewe wat uit die hemel neergedaal het. Elkeen wat hierdie Torah eet sal tot in ewigheid lewe, want Torah bevat die kennis tot verlossing deur geloof in Yeshua as die Messias (2 Tim. 3:15) en is deur YHVH aan die mens gegee as die onderrig in geregtigheid sodat elkeen volkome voorberei en toegrus kan wees(2 Tim. 3:16 en 17).

Ten einde die ware betekenis van Yeshua se woorde: *Ek is die die brood van die lewe* te verstaan, moet ons begrip hê van die rol wat koring en brood in die lewe van Israel van ouds gespeel het.

Vir Israel was die koringkorrel simbolisies van die geheimenis van lewe. Die koringkorrel is as `n wonderwerk van YHVH beskou, want dit is slegs God wat uit dit wat ooglopend dood lyk, weer lewe kan voortbring. Koringkorrels wat gesaai word, "sterf" in die grond, maar bring dan nuwe koring voort. YHVH as Skepper-God is die Alleen-skepper van hierdie lewe, en van alle lewe!

Yeshua Messias is die koringkorrel wat YHVH se geheimenis van lewe bevat, naamlik die ewige lewe en die lewe in oorvloed. Yeshua is die koringkorrel wat gesterf het sodat ons die ewige lewe kan hê (Joh. 12:24) en deur Sy opstanding 'n lewe in oorvloed deelagtig kan wees (Joh. 10:10b).

Brood en wyn is deur al die eeue as simbolies van YHVH se voorsiening beskou. Wanneer `n Israeliet (Hebreër, Jood) sê: *Ek het genoeg brood om te eet en genoeg wyn om te drink*, dan bedoel hy dat daar in al sy behoeftes voorsien word. Die woord *brood* word ook gebruik om na voedsel in die algemeen te verwys (Gen. 3:19; Rig. 13:16; Luk. 15:17). Brood was ook die stapelvoedsel van Israel van ouds.

Yeshua is die brood van die lewe, naamlik die Een wat in al ons behoeftes sal en kan voorsien. Hierdie Brood is ook die Lewende Woord van YHVH – die Lewende Torah wat reeds voor die grondlegging van die wêreld bestaan het. Die belofte is dat indien ons na Yeshua gaan en eet van die Torah wat Hy voorsien, sal ons nooit gebrek hê nie. Om te eet van hierdie brood is om te vertrou in Yeshua as die Messias en om gehoorsaam te wees in al YHVH se onderrig en instruksies, naamlik Sy Torah. Alleenlik dan sal ons die ewige lewe hê en nooit gebrek hê nie – nooit honger word nie! Torah is die Brood wat deur al die eeue vir alle geslagte bewaar word (Ex. 16:33).

Koring was ook sinoniem met die handel en ekonomie van `n land, en daarom ook gebruik as `n geldeenheid. Derhalwe was koring simbolies van welvaart. Yeshua Messias is ons welvaart van

gees, siel en liggaam. Daarom het Messias gesê: *Ek het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê* (Joh. 10:10b). Oorvloed beteken om meer as genoeg te hê. Dit beteken ‘n tot oorlopensvol beker van Vader-God se voorsiening (Ps. 23:5).

Die breek van brood is simbolies van ‘n maaltyd van versoening en deel van die verbondsmaaltyd. Daarom is dit die gebruik om brood versigtig te breek en nie te sny nie, want `n mes word beskou as `n wapen wat vernietig. Deur brood versigtig te breek word respek vir die geheimenis van lewe openbaar. Die gesamentlike breek van brood en die eet van `n maaltyd was simbolies van versoening en onderlinge gemeenskap. Die Isrealiete het `n maaltyd beskou as `n samesyn tussen vriende wat onderlinge liefde en ‘n verpligting teenoor mekaar simboliseer. Die etenstafel is simbolies van die altaar en die brood simbolies van die toonbrode van die tempel. Om saam met familie en vriende brood te breek en wyn te drink is simbolies van versoening met YHVH.

Yeshua Messias is ons verbondsmaaltyd van voorsiening en versoening. Hy is die Brood van Versoening en die Brood van die Lewe. Hiervan getuig ons telkens wanneer ons tydens Pesag, Shabbat, die feestye van YHVH en tydens ander spesiale geleenthede saam brood breek en wyn drink.

Hoekom moet ons Torah ‘eet’? Ons moet eers voedsel eet alvorens dit kan verteer en ons die waarde van die voedsel kan benut. Wanneer ons brood eet word dit verteer en kan ons liggame dit benut. Dieselfde beginsel geld vir die Torah van Vader-God. Ons moet dit bestudeer om die openbaringskennis te kry sodat ons dit kan toepas in ons daaglikse wandel. Alleenlik dan sal Torah in ons werk om in al ons behoeftes te voorsien. Dan sal ons voorspoedig wees in alles wat ons doen (Ps. 1:2 en 3).

Indien jy voldoende voedsel het, maar dit nie eet nie, en gevolglik verswak en siek word, kan jy net jouself blameer. Talle gelowiges is geestelik verswak (geestelik ondervoed en –wangevoed), asook siek omrede hulle weier om die Torah van God te ‘eet’, naamlik weier om Torah-gehoorsaam te wees!

Bepeins of Bespreek

1. In die lig van bogenoemde is dit die moeite werd om die volgende Skrifgedeeltes te bepeins en te bespreek:

> *Toe u woorde* (Torah) *gevind is, het ek hulle opgeëet, en u woord was vir my vreugde en vrolikheid vir my hart; want u Naam is oor my uitgeroep, YHVH, God van die leërskare!* Jer. 15:16.

> *Hierdie wetboek* (Torah) *mag nie uit jou mond wyk nie; maar bepeins dit dag en nag, sodat jy nougeset kan handel volgens alles wat daarin geskrywe staan; want dan sal jy in jou weë voorspoedig wees, en dan sal jy met goeie gevolg handel.* Jos. 1:8

> *Want soos die reën en die sneeu van die hemel neerdaal en daarheen nie terugkeer nie, maar die aarde deurvogtig en maak dat dit voortbring en uitspruit en saad gee aan die saaier en brood aan die eter; so sal my woord* (Torah) *wees wat uit my mond uitgaan: dit sal nie leeg na My terugkeer nie, maar doen wat My behaag en voorspoedig wees in alles waartoe Ek dit stuur.* Jes. 55:10 en 11

2. Die ‘kersie op die koek’ is sekerlik Psalm 1 – lees en bepeins dit biddend en vra jouself hoe is dit dan moontlik dat die Christendom YHVH se Torah verwerp deur hulself vry daarvan te verklaar? Vers 2 sê tog duidelik dat hy wat sy behae (vreugde) vind in YHVH se Torah (die wet) en dit dag en nag oordink om dit te doen, sal welgeluksalig wees en sal alles wat hy doen voorspoedig uitvoer. Hy sal wees soos ‘n boom wat geplant is by waterstrome.....!!!

3. Is ‘n groot deel van die hartseer, siekte, teenspoed en derglike dinge wat eweveel deel van die Christendom as van die wêreld is, juis nie omrede YHVH se Torah verwerp word nie?

4. Om Torah te glo beteken om Torah toe te pas, en om Torah toe te pas moet Torah geken word, en om Torah te ken moet Torah eers ‘geëet’ word.

Ex. 14:22 – Gedoop in die Rooisee

Die kinders van Yisra’el het op droë grond deur die see getrek. Die waters was vir hulle ‘n muur aan hul regter- en aan hul linkerkant (PWL Vertaling).

In 1 Kor. 10:1 en 2 vergelyk Paulus Israel se deurtog deur die Rooisee met die doop in water wanneer hy skryf: *en almal in Moses gedoop is in die wolk en in die see*. Dit is belangrik om te onthou dat Israel op die eerste dag van die fees van Ongesuurde Brood Egipte verlaat het. Israel het dus by die Rooisee tydens hierdie sewedag-fees aangekom. Die fees van Ongesuurde Brood is ‘n sinnebeeld van heiligmaking, naamlik die verwydering van sonde (suurdeeg, die oortreding van Torah – 1 Joh. 3:4) uit ons lewens.

Met Pesag gedenk ons dit wat YHVH ons Vader in Yeshua Messias vir ons gedoen het, naamlik ons bevryding van die slawejuk van sonde. Ons gedenk ons sondevergifnis deur geloof (vertroue) in die geslagde Lam van YHVH wat ons sondeskuld uitgedelg het. Die Fees van Ongesuurde Brood, wat die dag na die Pesag begin en vir sewe dae duur, is die logiese uitvloeisel van die Pesag, naamlik ‘n tydperk van selfondersoek om van die heerskappy van alle sonde bevry te word.

Daarom is Pesag tot en met die deurtog deur die Rooisee ‘n afbeelding van die eerste stappe van YHVH se reddingsplan, naamlik:

- Wedergeboorte (geloof in Yeshua as YHVH se Pesaglam en bekering, naamlik terugkeer tot Torah). Pesag simboliseer die uittog uit die wêreld van sonde wat van ons slawe gemaak het.

- Heiligmaking (aflegging van sonde) soos deur die Fees van Ongesuurde Brode (*Hag HaMatzot*) simboliseer word en wat die lewenswandel as geregverdigde uitbeeld. Meer inligting oor die doel en betekenis van hierdie fees kan afgelaai word by: http://nuwelied.info/?p=233

- Waterdoop deur onderdompeling as getuienis van die sterwe van die sondige mens en die begin van ‘n nuwe mens in Yeshua.

Volgens Hebreeuse denke vereis geloof (vertroue) ‘n handeling wat dit wat geglo word bevestig. Daarom vereis vergifnis van sonde deur geloof in Yeshua as die gekruisigde en opgestane Messias die aflegging (afsterwe) van sonde. Hierdie proses is heiligmaking deur Torah-gehoorsaamheid.

Wat sal ons daarom sê? Sal ons in die sonde bly sodat die onverdiende guns meer kan word? n Verwerplike gedagte! Hoe kan enige een van ons wat dood is vir die sonde, weer daarin leef? Of weet julle nie dat díe van ons wat in Die Gesalfde Een, Yeshua, gedoop is, in Sy dood gedoop is nie? Ons is saam met Hom begrawe in die doop tot die dood sodat net soos Die Gesalfde Een uit die dood uit opgestaan het deur die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van Sy Vader, ons ook net so in 'n nuwe lewe kan leef, want as ons een geword het met Hom deur dieselfde dood as Hy, sal ons ook een wees met Hom in dieselfde opstanding as Hy. Ons weet dat ons ou mens saam met Hom gekruisig is sodat die liggaam van sonde vernietig sou word sodat ons nie langer 'n slaaf van die sonde sal wees nie, want hy wat dood is, het homself van die sonde bevry. As ons daarom saam met Die Gesalfde Een dood is, laat ons vertrou dat ons saam met Die Gesalfde Een sal lewe – Rom. 6:1 tot 8 – PWL Vertaling.

Petrus het op die dag van Pinkster (*Shavuot,* Fees van Weke) aan die skare gesê:

"Draai weg van julle sondes na God toe en laat elkeen van julle gedoop word in die Outoriteit en Karakter van יהוה *-Yeshua, tot bevryding van sondes sodat julle die geskenk van die Gees van Afsondering kan ontvang.* Hand. 2:38 – PWL vertaling

Die volgorde is dus duidelik, naamlik: Geloof en bekering tot wedergeboorte wat gevolg word deur die waterdoop en dan sal die gawe van die Afgesonderde Gees volgens die belofte ontvang word. Petrus het nie gesê dat die sowat drie duisend Yeshua in hulle harte moet in nooi nie, en hy het ook nie gesê dat hulle 'n kort 'sondaarsgebed agter hom aan moet bid nie, of dat hulle hul harte vir Yeshua moet gee nie. Nee, hy het die vereiste vir redding aan hulle duidelik uitgespel, naamlik geloof wat bekering tot gevolg het en dan opgevolg word met die waterdoop en die ontvangs van die Afgesonderde Gees.

Hierdie patroon van geloof (verginis en redding), bekering (heiligmaking), doop (getuienis) en vulling met die Afgesonderde Gees (die krag tot Torah-gehoorsaamheid) word deurgaans in die Skrifte gevind. Hierdie patroon het ons tot hede in ons bestudering van Torah gesien, behalwe die ontvang (vulling) met die Afgesonder Gees. Maar ons volgende parashah is die aankoms by Sinai en *Shavuot* – sinnebeeld van die ontvang van Torah en van die Afgesonderde Gees. Tot dan is Israel besig (onwetend!) om die dae tot by die aankoms by Siani te tel – die tel van die *omer*!!

Ons weet dat water nie sondes kan afwas nie. Sondevergifnis is slegs moontlik deur geloof in die eenmalige offer van die gekruisigde en opgestane Messias. Die doop blyk egter die vereiste handeling te wees van geloof in die versoening met YHVH deur Yeshua. Dit is om te reageer op dit wat geglo word en bewys te lewer van geloof en bekering. Yeshua self het gesê: *Hy wat glo en hom laat doop sal gered word* (Mark. 16:16). Yeshua het nie gesê dat die wat glo sal gered word nie. Nee, Hy het gesê dat die wat glo **en hul laat doop** sal gered word. In die evangelie volgens Mattheus lees hierdie opdrag soos volg: *Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Afgesonderde Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het* (Matt. 28:19). Om *hulle,* naamlik die wat studente volgelinge (dissipels) 'gemaak' is, alles te leer wat Yeshua beveel het, is om 'n Torah-leefwyse aan elkeen wat glo te leer!

Die doop simboliseer (is 'n getuienis van) 'n verandering in geestelike status. Daarom leer Torah ons van die verskillende wassings (reinigingseremonies) wat byvoorbeeld die priesters en melaatses moes ondergaan. Israel moes ook 'n wassing (doop) ondergaan het alvorens hulle aan die voet van die berg Sinai in YHVH se teenwoordigheid kon verskyn (Ex. 19:10). Die water

(waterbad, rivier) waarin gedoop word, word in Hebreeus ‘n *mikveh* (*mikvah*) genoem en die letterlike betekenis is ‘n *versameling van water*.

Bepeins of Bespreek

1. In die lig van al die voorafgaande moet ons opnuut kyk na die belangrikheid en betekenis van die doop. Die vraag moet gevra word of die doop slegs simboliese betekenis het en of dit nie in die geestesrealm ‘n verandering teweegbring nie? Is die doop deel van die geloof-bekering-proses en waarsonder die proses onvoltooi sal wees?

   En daardie dienskneg wat die wil van sy heer geken het en nie klaargemaak of volgens sy wil gedoen het nie, sal met baie slae geslaan word. Luk 12:47

2. Is die doop slegs ‘n eenmalige gebeurtenis? Wat van ‘herdoop’ by geleenthede wat jy jouself ‘hertoewy’ of vergifnis vra vir bepaalde sonde? Onthou: Die doop is nie ‘n instelling (sakrament) van die hernieude verbond nie, maar die oorsprong is te vinde in Torah. Dan moet ons ook nie die doop waarmee Johannes gedoop het vergeet nie (Joh. 1:25 tot 33).

3. Nadat Israel in die Rooisee gedoop was het Israel terug gekyk op die uitwissing van Egipte en het Moses aan hulle gesê: *Yah is my Sterkte en my Lied en Hy het my Verlossing geword. Hy is my Magtige God, ek sal Hom vereer; die God van my vader, ek sal Hom oplig* (Ex. 15:2). ‘n Letterlike vertaling van *my Verlosser geword* is *my Yeshua geword*. Die doop is die bevestiging dat Yeshua jou Verlosser geword het!

4. Wêreldwyd word evangelisasiedienste gehou waar Yeshua (Jesus) as Messias verkondig word. Tog word die woorde van die eerste evangelis van die hernieude verbond, Petrus, nie herhaal nie, naamlik: ***Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word*** *in die Naam van Yeshua Messias tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Afgesonderde Gees ontvang*. Word daar nie ‘n halwe waarheid gepredik deur slegs geloof in Yeshua te verkondig sonder bekering en doop nie?

Midrash Haftorah (Haftorah Bespreking)
Rigters 4:4 tot 5:31 – Deborah, die heuning en angel van YHVH

Die ooreenkoms tussen hierdie week se Torah en die Haftorah is duidelik, naamlik beide het te doen met Israel wat onderduk word deur ‘n vreemde en genadelose koning en in beide gevalle stuur YHVH ‘n verlosser en profeet wat Israel op ‘n bonatuurlike wyse van onderdrukking bevry. Beide hierdie gebeure het die sing van ‘n loflied van bevryding deur die hand van YHVH tot gevolg.

Die geskiedenis van Israel sedert hulle bevryding van die Egiptiese slawejuk was een van loop en val. Daar was tye wanneer Israel in gehoorsaamheid aan Torah in oorwinning geloop het en die seëninge van YHVH ontvang het. Maar dit is dan weer opgevolg deur tye waar Israel weens Torah-ongehoorsaamheid in die hande van die vyand geval het. Hierdie week se Haftorah is een van daardie kere (Rigters 4:1) waar YHVH toelaat dat Sy volk, weens hulle hardnekkige ongehoorsaamheid aan Torah, deur die ysterhand van Jabin, die koning van Kanaän, regeer word.

Na sowat 20 jaar het Israel tot berou gekom en tot YHVH geroep wat hulle smekinge verhoor het deur Deborah, die profeet en rigter, te stuur om hulle te verlos. Soos ons weet: Geskiedenis word herhaal en geskiedenis is profesie. Die einde word deur die begin bekend gemaak!

Die naam *Debora* beteken *by* en is verwysend na die instink (sensitief vir die stem van die Afgesonderde Gees) en die hardwerkendheid (toegewydheid) van ‘n by. In Debora se geval was dit ‘n heuningby vir familie en vriende, maar ‘n steekby vir die vyand. Debora was die vrou van Lappidot wie se naam *fakkel, vlam en ligdraer* beteken.

Debora het Barak, die seun van Abinoam (wat *vader van behaaglikheid en genade* beteken) laat kom en aan hom gevra:

Het YHVH, die God van Israel, nie bevel gegee nie: Gaan, trek na die berg Tabor, en neem tien duisend man van die kinders van Náftali en van die kinders van Sébulon met jou saam?
Rigters 4:6

Die naam Barak beteken *weerlig en donderweer*. Volgens die wysgere was Barak en Lappidot dieselfde persoon. Indien die wysgere se siening waar is, beteken dit dat Debora die inspirasie en hulp vir haar man met die bevryding van Israel was!

Wat ook al die geval mag wees, ons sien in die betekenis van die name Debora, Lappidot, Barak en Abinoam ‘n sinnebeeld van YHVH se oordeel en reddende genade.

Hierdie geskiedenis leer ons ook die belangrike rol van vroue in YHVH se meesterplan van versoening en herstel van Sy volk. YHVH sal nie huiwer om ‘n vrou te gebruik nie!! Daar waar geen man as leier gevind word nie, sal YHVH ‘n vrou gebruik (Rigters 5:7)! Daarom moet ons nie nalaat om ook die rol van Jael, die vrou van Heber (nie Keber nie), te noem nie. Sy was nie so ‘n openbare figuur soos Debora nie, maar sy het die ‘finale nekslag’ in die bevryding van Israel toegedien deur Sisera, die aanvoerder van die Kanaänitiese weermag van koning Jabin, dood te maak (Rigters 4:17 tot 22). Hoewel dit wat sy gedoen het as grusaam beskou kan word, het sy nie gehuiwer om haar rol in hierdie bevrydingsproses te vervul nie.

Bepeins of Bespreek.

1. Is jy geroep om ‘n Deborah (‘n profetes en aanvoerder) of dalk ‘n Jael te wees? Is jy heuningsoet vir familie en vriende, maar die angel in die vlees van die vyand? (Onthou: Heuning word as ‘n geneesmiddel beskou!). Miskien is jou rol die van ‘n Jael? Die naam *Jael* beteken ‘n *wilde bergbok* (‘n ibex) – een wat steeds hoër klim om YHVH te ontmoet en Sy opdragte te hoor en uit te voer!

2. Is jou hart vir die aanvoerders van Israel wat hulle gewillig getoon het onder die volk (Rigters 5:9). Is jy die inspirasie om jou eggenoot tot die bevrydingstryd toe te laat tree, asook om sy hulp en ondersteuning in hierdie stryd te wees?

3. Is jy ‘n moeder in Israel (Rigters 5:7) – die een wat die geestelike toekoms van die nageslag help vorm?

4. Is jy geroep om soos Debora ‘n oorwinningslied ‘te komponeer’ en voor YHVH se volk te sing (Rigters 5:1 tot 31)? Verwys ook na Mirjam (Eks. 15:20 en 21).

5. Hoe moet 1 Kor. 14:34 tot 36 dan verklaar word in die lig van hierdie week se Haftorah? Indien vers 36 gelees word, wil dit blyk dat vers 34 en 35 nie Paulus se standpunt was nie, maar wel die standpunt van sommige ander. Vra jouself ook of verse 34 en 35 met Torah versoenbaar is? Wat beteken dit dat ‘n vrou aan haar man onderdanig moet wees?

6. Ons leef in ‘n tyd waar baie mans hulle rol volgens Torah as eggenoot en vader abdikeer. Wat verwag YHVH in sulke situasies van die vrou as eggenote en moeder? Mag ‘n vrou as eggenote weier om Torah-ongehoorsaam te wees, soos byvoorbeeld weier om die Shabbatsgebod te oortree?

-o-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalomgoete tot volgende keer.
Johan Kriel

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.